# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXII, Nr. 11 Prys 10c. SPESIALE VERKIESINGSUITGAWE MAANDAG, 14 AUGUSTUS 1978


# SR - VERKIESING '78 : REËLINGS LYK SÓ

DAAR is vanjaar geen veranderings van stemprosedure vir die S.R.-verkiesing nie. Besonderhede oor stemlokale en -busse is reeds op die kennisgewingborde aangebring. Enige navrae in dié verband kan by die Studenteraadskantoor gedoen word.

Die SIRKUS vind vanjaar op Maandag 21 Augustus, om 19h30 (halfagt) plaas in die D.F. Malan-Gedenksentrum. Dit sal weer die vorm van 'n monstervergadering aanneem waartydens die Studenteraadsvoorsitter, mnr. Johann Aspeling, sy voorsittersverslag sal lewer. Daarna sal die kandidate die geleentheid kry om vrae uit die gehoor te beantwoord.

### STEMTYE

**Soos in die verlede is stemtye vanjaar weer vanaf 09h00 tot 17h00. Dit vind plaas op DINSDAG 22 AUGUSTUS. Hierdie tye geld vir die hele kampus plus die Mediese studente te Tygerberg. Studente aan die Militêre Akademie stem vanaf 12h00 - 14h00. Die stemtyd vir Buitemuurse studente te Bellville is 17h00 - 19h00. Vir studente in Maatskaplike werk sal daar 'n praktiese reëling getref word.**

### STEMGEREGTIGDES

Alle ingeskrewe studente aan hierdie universiteit het die reg om op 22 AUGUSTUS vir die kandidate van sy/haar keuse te stem. Die enigste voorwaarde is dat sodanige student vóór 1 Maart 1978 ingeskryf was.

Studente wat slegs eksamen skryf of slegs ingeskryf is om 'n skripsie in te lewer, nadat hul verpligte residensie verstryk het, word dus uitgesluit.

Baie belangrik om te onthou is dat die naam van elke stemgeregtigde op die kieserslys van *slegs een stembus* verskyn. As daar egter nie vir 'n studente voorsiening gemaak is by 'n aangewese stembus nie, kan sodanige student met sy/haar registrasiekaart by die S.R.-lokaal 'n stem uitbring.

### EERSTEJAARS

**Die stem van 'n eerstejaar student dra 2/3 die gewig van 'n gewone stem. Daarom stem eerstejaars op 'n aparte stemkaart. Op hierdie kaart sal reeds een gaatjie gepons wees. Eerstejaars moet seker maak dat hulle *slegs* op hierdie kaart stem. Seniors moet seker maak dat hulle *nie* op hierdie kaart stem nie.**

### STEMPROSEDURE

Stemming geskied deur geperforeerde blokkies langs die name van kandidate uit te druk. Hierdie name sal aangebring wees op 'n komper-ponskaart. Maak seker dat die gaatjies skoon uitgedruk word en dat die uitgedrukte blokkie nie aan die agterkant van die kaart vaskleef nie.

Elke kieser mag vir 'n maksimum van *13* kandidate stem. *Daaruit is dit logies af te lei dat u nie vir 13 kandidate hoef te stem nie. U kan stem vir soveel kandidate as u wil, net nie vir meer as 13 nie.*

Ponskaarte mag nie gebuig of beskadig word nie. Indien 'n beskadigde stemkaart egter by die stembusbeampte ingehandig word, sal 'n nuwe stemkaart uitgereik word.

STEMWERWING IN DIE ONMIDDELLIKE OMGEWING VAN DIE STEMLOKAAL IS ONTOELAATBAAR.

### UITSLAG EN GELDIGHEID

**Die uitslag van die verkiesing sal bepaal word deur die Universiteit se rekenaar en die uitslag sal so gou as moontlik op kennisgewingborde aangebring word.**

**Die grondwet bepaal dat die verkiesing geldig sal wees indien geen beswaar binne 24 uur nadat die uitslag bekend gemaak is, by die voorsitter van die Studentehof ingedien is nie.**

### PLIG

Die studente-unie van die universiteit van Stellenbosch het vanjaar 'n dure plig om na te kom. Tydens die monstervergadering van 1 Mei is 'n nuwe era op Stellenbosch ingelui. Die uitvoering van die besluite van daardie vergadering kan beteken dat daar groot veranderinge op Stellenobsch kan kom.

**Die studente-unie het dus 'n plig aan homself opgelê. 'n Plig om op 22 AUGUSTUS *ALMAL* te stem om sodoende 'n studenteraad aan te wys wat hierdie besluit behoorlik moet uitvoer.**

Dit is dus onnodig vir my om 'n beroep op u te doen om te kon stem. Dit is u plig en u verantwoordelikheid.

Maak gebruik van hierdie unieke geleentheid om ook u standpunt te artikuleer.

**GEORGE RAUCH**
**STEMBUSKONVENOR**

## Komitee



*Die Stembuskomitee wat op Dinsdag 22 Augustus sal moet bontstaan om te verseker dat alles op stemdag glad verloop.*
*Staande: Theunis Smit. Sittende: George Rauch (Konvenor), Gawie Steyn, Riana du Toit, Johan Conradie en Johan Theron. Voor: Joubert Scott.*




*So 'n vriendelike glimlag kan niemand weier nie. Riana du Toit, sekretaresse van die Stembus-komitee, dring daarop aan dat álmal moet stem.*

**Sirkus**
**Maandag**
**21e**
**7.30 nm.**
**in**
**D.F. Malan**

# ELKEEN SE PLIG OM TE STEM

## SR — VOORSITTER

DIE 1977-78 termyn was vol woelinge en veranderinge en al Stellenbosch se studente het saamgesels, raadgegee en gespekuleer. Nou is dit alweer Augustusmaand en S.R.-verkiesingstyd. Die vraag wat ek myself nou afvra is of daar nie op elkeen van ons 'n verantwoordelikheid rus om te stem vir die S.R. wat ons glo die voorgestelde veranderinge in die praktyk sal kan toepas nie.

Om verantwoordelik te kan stem, is dit noodsaaklik dat ons die kandidate ken. Daarom is dit uiters belangrik dat ons nie net die sirkus bywoon of die verkiesingsuitgawe van *Die Matie* lees nie, maar ook tydens koshuisbesoeker persoonlike kontak met die kandidate maak en hulle standpunte verneem in verband met alles binne die wye veld wat deur die S.R. bedrywighede gedek word.

Ons studente wat belangstel moet ook ons vriende en kennisse wat nie belangstel nie inspireer om te stem want anders verteenwoordig die Studenteraad nie die hele studente-unie nie. Wie kan u vriend of vriendin wat daar in 'n agterkamer of woonstel bly beter aanspoor as uself?

Stem vir 'n verantwoordelike S.R. wat die standpunte van die studente-unie sal uitdra en ook kontak met die studente sal bly behou.

**JOHANN ASPELING**
**VOORSITTER STUDENTERAAD**



*JOHANN ASPELING*

## DIE KANDIDATE

# Kandidate . . . Kandidate . . . Kandidate . . . Kandidate . . . Kandidate

## HILGARD BELL

*4de jaar*

*LL.B. II*



**VOORSTELLER:**

Ilse Treurnicht.

**SEKONDANTE:**

Roelof McLachlan, Anton van Niekerk Elzette de Villiers, Etienne van Heerden, A.C. Ackermann.

**ONDERVINDING:**

1976: Karnavalkomiteelid, Redakteur *Taak*, ASVS-bestuurslid, Redaksielid *Eiffel*.
1977: Karnavalkomiteelid, ASVS-bestuurslid, Sub-Redakteur Sport *Die Matie*.
1978: Karnavalvoorsitter, Implementeringskomitee, Bestuurslid Juridiese Vereniging.

**BELEID:**

Die Studenteraad moet nie skroom om realisties standpunt in te neem oor enige saak wat op enige wyse die studente-unie raak nie. Hierdie rol kan nie na die Politieke Raad of enige instansie delegeer word nie. 'n Hersiening van die huidige portefeuljes kan tot beter administrasie van die belange van die studente-unie lei. Hiervoor is 'n groter betrokkenheid van S.R.-lede by alle bedrywighede ook noodsaaklik. Die daarstelling van 'n duidelike S.R.-beleid na die verkiesing behoort 'n prioriteit te wees.

## DEON DE KOCK



*2de jaar*

*B.A. Regte II*

**VOORSTELLER:**

Ilse Treurnicht.

**SEKONDANTE:**

Hilgard Bell, Skip Krige, A.C. Ackermann, Nic Fine, Elzette de Villiers.

**ONDERVINDING:**

1978: Voorsitter van die Junior Breëbestuur, Lid van die Implementeringskomitee.

**BELEID:**

Ek stel myself verkiesbaar omdat ek bereid is om te werk. Dit geld vir alle terreine van Studenteraadsaktiwiteite.

## PIET DELPORT

*4de jaar*

*LL.B. II*



**VOORSTELLER:**

Eitel Kruger.

**SEKONDANTE:**

Fanie Bergh, Christian van Schalkwyk, James Chapman, Louise Treurnicht, Christopher Agenbag.

**ONDERVINDING:**

1975: Lid Eendrag Eerstejaarskomitee.
1976: Lid Eendrag Juniorkomitee, Koshuisverteenwoordiger ASVS, N.P. Wyksraadslid Eendrag, Lid Stembuskomitee, Afgevaardigde na S.S.D.-konferensie.
1977: Bestuurslid A.S.V.S., Lid Karnavalkomitee, Lid Eendrag Huiskomitee.
1978: Ondervoorsitter A.S.V.S., Sekretaris Eendrag Huiskomitee.

**BELEID:**

Indien ek verkies word tot die Studenteraad, sal die volgende my prioriteite wees:

1. Om die student se belange te behartig,
2. om op politieke gebied (landspolitiek en studentepolitiek) leiding te gee en aktief deel te neem aan die debat van ons tyd,
3. om skakeling met ander kampusse te bevorder.

## JAN DE WET

*4de jaar*

*B. Th. II*



**VOORSTELLER:**

Ilse Treurnicht.

**SEKONDANTE:**

J.P. Landman, Anton van Niekerk, Christa Benadé, Christopher Agenbag, Wilhelm van Deventer.

**ONDERVINDING:**

Vorige ondervinding by R.A.U.
1975: Bestuurslid Admissiebond.
1976: Voorsitter Admissiebond, Bestuurslid Afr. C.S.V.
1977: Studenteraad: Voorsitter Openbare Betrekkingekomitee, Voorsitter Sangfeeskomitee, Ondervoorsitter Studentebelangekomitee. Afgevaardigde SSD.
1978: Tesourier *Polumnia*-bestuur, Matie Toerleier.

**BELEID:**

Ek glo dat die Studenteraad 'n besondere en belangrike taak het om te vervul. Dit blyk vir my realisties te wees om by hierdie geleentheid nie op loop te gaan met geweldige beloftes ten opsigte van die toekoms nie. Ek stel my, soos in die verlede, tot diens van my universiteit met sy studentegemeenskap. Mag my dade genoegsame getuienis wees van wie ek is, waarin ek glo en waarvoor ek staan.

## HENDRINE DE WIT

*3de jaar*

*B.A. Regte III*



**VOORSTELLER:**

Roelof McLachlan.

**SEKONDANTE:**

A.C. Ackermann, Nic Fine, Christian van Schalkwyk, Etienne van Heerden, Nico le Roux.

**ONDERVINDING:**

1977: Junior Breëbestuur (sekretaresse).
1977- Karnavalkomitee (debutantekonvenor).
1978: Lid van Nerina Huiskomitee. Karnavalkomitee (onder-voorsitter).

**BELEID:**

Die Studenteraad as gesaghebbende demokratiese liggaam moet knelpunte binne die breër gemeenskap identifiseer en die moontlike bydrae wat die studente-unie in die verband kan maak, interpreteer. Die infrastruktuur waaroor die liggaam beheer het moet vervolgens ingespan word om menings te vorm, menings te peil en standpunt in te neem.

Die Studenteraad as gesaghebbende administratiewe liggaam moet dieselfde strukture gebruik om die belange van die studente-unie dinamies te dien.

## DAWIE JONKER

*5de jaar*

*LL. B. II*



**VOORSTELLER:**

Pine Pienaar.

**SEKONDANTE:**

Louise Treurnicht, Leon Oosthuizen, Fanie Bergh, Skip Krige, Eitel Kruger.

**ONDERVINDING:**

1975: Wyksraadslid Nasionale Party.
1976: Klasverteenwoordiger 3de jaar Regte, Dagbestuurslid N.P. Studentetak, Konvenor N.P. dans, Afgevaardigde N.P. Jeugkonferensie.
1977: Klasverteenwoordiger Latyn, Bestuurslid Snoekerklub, Dagbestuurslid N.P. Studentetak, Konvenor N.P. dans, Afgevaardigde N.P. senior kongres, Afgevaardigde N.P. Jeugkonferensie.
1978: Voorsitter Skakelkomitee N.P. Studentetakke, Voorsitter Eikestad N.P. Studentetak. Bestuurslid Snoekerklub, Afgevaardigde Interuniversitêre N.P. Studente Konferensie.

**BELEID:**

Die belangrikste taak van die Studenteraad is om die Studentegemeenskap se belange op alle terreine te bevorder.

Sinvolle skakeling met alle Suid-Afrikaanse universiteite bly belangrik en Stellenbosch moet voortgaan om hier 'n leidende rol te speel. Hierdeur kan Stellenbosch se beeld na buite slegs bevorder word.

Indien ek verkies word, stel ek my tot diens van my universiteit met sy Studentegemeenskap.

## PIET KLEYN

*4de jaar*

*B. Ing. (Siviel) IV*



**VOORSTELLER:**

Fanie Bergh.

**SEKONDANTE:**

Leon Oosthuizen, Nico le Roux, Gys van Schoor, Louise Treurnicht, Vic Hills.

**ONDERVINDING:**

1976: Konvenor Simondium Sendingwerkgroep.
1977: Konvenor Simondium Sendingwerkgroep, Lid ACSV-Sendingwerkkomitee, Lid Dagbreek-Huiskomitee.
1978: Primarius Dagbreek, Lid Openbare Betrekkingekomitee, Lid Implementeringskomitee, US-afgevaardigde SSD-konferensie.

**BELEID:**

Die S.R. moet die studente-unie intern en ekstern verteenwoordig. Intern moet daar 'n lewendige skakeling tussen die S.R. en die studente-unie wees en die S.R. moet veral 'n rol speel in die stimulering van dialoog op die kampus.

Ekstern moet die S.R. die verteenwoordigende siening van die Stellenbosse studente uitdra. Hierin het die S.R. 'n ernstige verpligting om gesprek met Afrikaanse, Engelstalige en Anderskleurige kampusse, hetsy formeel of informeel, te bevorder.

## Neem Kennis

STUDENTE word daaraan herinner dat geen pamflette of vlugskrifte versprei mag word gedurende die S.R.-verkiesing sonder die Stembuskomitee se verlof nie. Die verspreider se handtekening moet op die vlugskrif of pamflet verskyn en moet eers vir goedkeuring by die S.R.-kantoor ingehandig, en deur die Stembuskomiteevoorsitter geregistreer word.

## RAINER KLOOS

*4de jaar*

*B. Comm. Regte II*



**VOORSTELLER:**

Marlene van Niekerk.

**SEKONDANTE:**

Louis Möller, Rita Barnard, Vic Hills, Nic Fine, Philippa Wessels.

**ONDERVINDING:**

1974: Kaptein van Stellenbosch Intervarsity-swemspaan, Bestuurslid van Swemklub.
1975: Lid Karnavalkomitee, Lid van die Junior Breëbestuur, Bestuurslid Stellenbosch Swemklub, Afgevaardigde na AIESEC-konferensie in Grahamstad.
1976: Lid Karnavalkomitee.
1976-1977: AIESEC Uitruilstudent in Frankfurt, Wes-Duitsland.

**BELEID:**

Dit is van die allergrootste belang dat die Stellenbosch Studenteraad vandag 'n dinamiese rol speel; eerstens deur daadwerklik om te sien na die belange van al sy studente, en tweedens deur standpunt in te neem oor alle sake wat ons Studentegemeenskap raak en veral ook oor landspolitieke aangeleenthede.

Indien verkose sal ek my beywer vir die menswaardige akkommodering van anderskleuriges op ons Universiteit.

Ek sal my ook ten doel stel om die dissipline-opset van dameskoshuise te verbeter.

Ek sal probeer om na die beste van my vermoëns bogenoemde doelstellings te verwesenlik.

## RENIER KOEGELENBERG

*5de jaar*

*M.A. (Filosofie)*

*en B. Th. I*



**VOORSTELLER:**

J.P. Landman.

**SEKONDANTE:**

Piet Kleyn, Ilse Treurnicht, Wilhelm van Deventer, Tinie Muller, Anton van Niekerk.

**ONDERVINDING:**

1974: Bestuurslid van G.O.V.S. (nou U.S.K.O.R.), Soteriasanggroep van die Afr. C.S.V., Lid van S.A.A.K.
1975: Soteriasanggroep, C.S.V.-kringleier, Lid van A.S.V.S.
1976: Leier van Soteriasanggroep, Lid van Evangelisasiekomitee van die C.S.V., Lid van A.S.V.S.
1977: Leier van Soteriasanggroep, Leier van K.J.A.-stranddiensspan te Hartenbos, Lid van Evangeliasasiekomitee van die C.S.V.
1978: Bestuurslid U.S.-Gesprek, Bestuurslid Verenigingskomitee, Bestuurslid A.S.V.S., Bestuurslid Kleurekomitee, Subredakteur van *Die Taak*, Bestuurslid Implementeringskomitee.

**BELEID:**

Die nuwe S.R.-struktuur sal harde werk, inisiatief en die bereidheid om elke saak op 'n kritiese realistiese wyse te beoordeel, vereis. Hiervoor stel ek myself beskikbaar.

Indien ek verkies word, sal ek my beywer om die oop gesprek op die kampus te stimuleer, dialoog tussen verskillende standpunte te bevorder, om uiteindelik self ook 'n selfstandige en verantwoordelike standpunt te kan inneem.

Dit sou ek graag wil bereik deur veral meer van die junior studente te betrek by besprekings van U.S.-Gesprek.

## NICK KOORNHOF

*4de jaar*

*B.A. Regte III*



**VOORSTELLER:**

Leon Oosthuizen.

**SEKONDANTE:**

C.J. van Rooyen, D.E. Reid-Ross, P.R. Woest, James Bredenkamp, Gys van Schoor, E. Bouwer.

**ONDERVINDING:**

1976: Lid Kleurekomitee, Lid N.P. Dagbestuur, A.S.V.S.-Koshuisverteenwoordiger.
1977: Tesourier N.P. Dagbestuur, Assistent-konvenor Stembuskomitee, Sekretaris Verenigingskomitee, Lid Karnavalkomitee, Lid *Simonsberger* Redaksie, Afgevaardigde ASB-kongres.
1978: Tesourier Simonsberg Huiskomitee, Lid Sentrale Tugkomitee Simonsberg, Lid U.S.-Gesprek Beheerkomitee, Voorsitter Vloertugkomitee.

**BELEID:**

Die vernaamste verantwoordelikheid van 'n studenteraad is om effektiewe skakeling met die studente-unie te handhaaf en te behou. Die optrede van die studenteraad moet die gevoel van die studente-unie weerspieël. Die behoeftes van die studente behoort voorrang te geniet.

Verder is dit die taak van die studenteraad om aan die politieke debat deel te neem en die studente-unie, indien nodig, polities te stimuleer.

## FRIKKIE LANDMAN

*6de jaar*

*B. Th. III*



**VOORSTELLER:**

Pine Pienaar.

**SEKONDANTE:**

Eitel Kruger, J.P. Landman, Liezel van der Merwe, Louise Treurnicht, Skip Krige.

**ONDERVINDING:**

Vorige ondervinding by U.P.E.
1976: Lid van Majuba-huiskomitee, Sekretaris Majuba-rugbyklub.
1977: Primarius van Majuba, Lid U.S.-Koor.
1978: Primarius van Majuba, Ondervoorsitter van die U.S.-Koor, Sekretaris van die Primariikomitee, S.S.D.-afgevaardigde.

**BELEID:**

Die Studenteraad se funksie behels enersyds die omsien na die Studente-unie se belange en dit geskied deur die ontginning van die verskeie portefeuljes tot die maksimum.

Andersyds behels dit skakeling met alle Suid-Afrikaanse universiteite ten einde kennis in te win en begrip vir mekaar se standpunte te kweek.

Dat politiek in hierdie proses 'n rol sal speel, is vanselfsprekend en is dit noodsaaklik vir soverre dit nie eerste prioriteit word nie.

## US-gesprek

HIER volg 'n program vir die verdere US-gesprekke vir Augustus tot en met 6 September.

- 17 Augustus: **Dr. Erika Theron.** "Vooroordele en wanbegrippe in ons samelewing".
- 28 Augustus: **Regter Jan Steyn.** "Die werksaamhede van die Stedelike stigting".
- 6 September: **Adv. D.P de Villiers.** "Verwikkelinge in SWA en die implikasies daarvan vir Suidelike Afrika".

Bovermelde gesprekke vind soos gewoonlik in die *Bloukamer* plaas en begin 19h30. Slegs die eerste 35 studente wat hul name 5 dae voor die tyd by die SR-kantoor ingee, kan dit bywoon.

## TINIE MULLER

*5de jaar*

*M.B., Ch. B. IV*



**VOORSTELLER:**

Christa Benadé.

**SEKONDANTE:**

Anton van Niekerk, Ilse Treurnicht, J.P. Landman, Etienne van Heerden, Wilhelm van Deventer.

**ONDERVINDING:**

1975: Voorsitster Minverva Sub-Huiskomitee, BTK-bestuurslid.
1976: BTK-bestuurslid.
1977: Huiskomitee Huis Francie van Zijl, Studentebelange-komitee, SSD-afgevaardigde, BTK-bestuurslid, CSV-bestuurslid (Tygerberg).
1978: Primaria Huis Francie van Zijl, Onder-voorsitster Primariaekomitee, SSD-afgevaardigde, USKOR-bestuur (Tygerberg).
1978-79: Geneeskundige Studenteraad.

**BELEID:**

Ek stel myself verkiesbaar omdat ek glo dat om die studente-unie met sukses te verteenwoordig en sy belange te dien verg eerstens werkywer, tweedens 'n aktiewe belangstelling in studenteaktiwiteite en derdens 'n betrokkenheid by die breër gemeenskap met 'n bereidwilligheid om daaroor standpunt in te neem.

Indien ek verkies word sal USKOR en die belange van die studente op Tygerberg my hoë prioriteit wees.

## PIET NAUDÉ

*4de jaar*

*Filosofie (Hons)*

*en B. Th. I*



**VOORSTELLER:**

Wilhelm van Deventer.

**SEKONDANTE:**

Ilse Treurnicht, Anton van Niekerk, Piet Kleyn, J.P. Landman, Nico le Roux.

**ONDERVINDING:**

1975: Lid *Dinamiek*-redaksie. Lid Soteria-sanggroep, Afgevaardigde ACSV-konferensie.
1976: Redaksielid *Stellenbosse Student*, Redakteur *Admissant en Amusant*, Lid Admissiebondbestuur, Soteria-sanggroep.
1977: Lid Akademiese Oorlegkomitee (Fakulteit Lettere), SSD-afgevaardigde, Redaksielid *Vires Unitatis*, Lid Eendrag Debatspan, Voorsitter Admissiebond.
1978: Redaksielid *Die Matie*, Redaksielid *Polumnia*, Redakteur *Die Eggo*.

**BELEID:**

Indien ek tot die Studenteraad verkies word, sal ek my beywer vir die volgende:

1) Die stimulering van 'n ope politieke debat deur die koördinering van verenigingsaktiwiteite rondom bepaalde temas; deur die studenteparlement; en deur maksimum gesprek met ander universiteite.

2) Die uitbouing van leierspotensiaal onder jonger studente deur o.a. US-Gesprek en 'n herdefiniëring van die rol van die Junior Breë Bestuur.

3) 'n Evaluering van onderrigmetodes deur die studenteoorlegkomitee.

## TOLLIE OOSTHUIZEN

*5de jaar*

*M.B., Ch. B. V*



**VOORSTELLER:**

Wynand Mouton.

**SEKONDANTE:**

Skip Krige, Hilgard Bell, Christian van Schalkwyk, Etienne van Heerden, Nico le Roux.

**ONDERVINDING:**

1976-77: Huiskomitee Hippokrates.
1977-78: Primarius Hippokrates.

**BELEID:**

Dit is die verantwoordelikheid van die Studenteraad as verkose liggaam om dinamies en leidinggewend op te tree in sake wat die studente-gemeenskap intern raak, sowel as aktief deel te neem aan die breër Suid-Afrikaanse debat.

Dit impliseer:

1. Om toegekende portefeuljes met inisiatief en ywer te hanteer.
2. 'n Bereidwilligheid tot deelname aan die proses van meningsvorming sowel as standpuntinname.

# Kandidate . . . Kandidate . . . Ka

## ETIENNE RABE

*4de jaar*

*B. Sc. Landbou*



**VOORSTELLER:**

Christopher Agenbag.

**SEKONDANTE:**

Pine Pienaar, Liezel van der Merwe, Fanie Bergh, Skip Krige, James Bredenkamp.

**ONDERVINDING:**

1976: ACSV-Kringleier, NP-Wyksraadslid, Lid Wilgenhof Rygbytoerkomitee.
1977: Redaksielid *Die Matie*, ACSV-Koshuisverteenwoordiger, Voorsitter Wilgenhof Krieketklub. ACSV-Stranddiensleier, Lid Studentebearbeidingskommissie.
1978: Sekretaris Wilgenhof Huiskomitee, Lid Verenigingskomitee, Voorsitter Wetenskaplike Landbouvereniging, Voorsitter Wilgenhof Krieketklub, Lid Studenteoorlegkomitee.

**BELEID:**

Wat my betref is die verteenwoordigende funksie van die Studenteraad om primêr die belange van die Studente-unie voorop te stel. Dit impliseer dat die bestaande kanale vir skakeling met die universiteitsowerhede behoorlik benut moet word tot voordeel van die studente.

Ten opsigte van sake wat van aktuele belang is vir die Stellenbosse student, behoort die Studenteraad deur middel van standpuntinname leiding te gee aan die studentegemeenskap in die proses van meningsvorming.

Na buite sal ek my beywer om goeie verhoudinge met ander Suid-Afrikaanse universiteite te handhaaf en om in die verband Stellenbosch se beeld verder uit te dra.

## FRANS ROELOFSE

*4de jaar*

*LL.B. II*



**VOORSTELLER:**

Skip Krige.

**SEKONDANTE:**

Nico le Roux, Ilse Treurnicht, James Chapman, Louise Treurnicht, J.P. Landman.

**ONDERVINDING:**

1976: Lid, Junior Breëbestuur.
1977: Lid, Intervarsitykomitee, Lid Huis Visser Huiskomitee, Regshulp USKOR.
1978: Voorsitter US Debatsvereniging, Voorsitter NP-tak, Papegaaiberg, Lid Huis Visser Huiskomitee, Lid Implementeringskomitee.

**BELEID:**

Ek glo daar is geen positiewer mag op aarde as die gewone outydse liefde om die verhoudinge tussen mense en groepe op die kampus en in ons samelewing te verbeter nie.

Ek glo aan die noodsaak van geloof in die lewe van elke mens wat iets positiefs in 'n gemeenskap tot stand wil bring. "I have nothing to offer you, but blood, toil, tears and sweat", met ander woorde, gewone harde werk.

## PIET STOFBERG

*4de jaar*

*B. Th. I*



**VOORSTELLER:**

Eitel Kruger.

**SEKONDANTE:**

Leon Oosthuizen, Christopher Agenbag, Christian van Schalkwyk, Liezel van der Merwe, Pine Pienaar.

**ONDERVINDING:**

1975: Lid Admissiebond-toergroep, Lid KJA-straatwerk.
1976: ACSV kringleier Eendrag, Lid KJA-straatwerk, Lid Admissiebond-toergroep, Redaksielid Admissiebondblad, Lid Swaziland-werkersgroep, Ondervoorsitter US-Stoeiklub, Afgevaardigde na NP-Jeugkongres.
1977: ACSV kringleier Eendrag, Voorsitter US-Stoeiklub, Bestuurslid WP-Stoeivereniging, US afgevaardigde op SAU-Stoeivereniging, Lid Evangelisasie-aksie van die ACSV.
1978: Redaksielid *Vires Unitates* (Eendrag), Ondervoorsitter Eendrag ACSV, Ondervoorsitter NP Eikestad Studentetak, Voorsitter US-Stoeiklub, Voorsitter SAU-Stoeivereniging, Bestuurslid WP-Stoeivereniging, Lid Eendrag Huiskomitee, Boland streekverteenwoordiger op Kaaplandse NP-Jeugkomitee (1978/79).

**BELEID:**

Die rol van die Studenteraad is na my mening drieledig: die omsien na interne studentebelange; die positiewe leiding aan en namens die studenteunie op die terrein van die breë landspolitiek; en die uitbou en benutting van alle moontlike kommunikasievlakke met alle Suid-Afrikaanse universiteite en ook gemeenskapsleiers vir die bevordering van wedersydse begrip.

Indien ek verkies word, sal ek my beywer om hierdie rol so goed moontlik te vervul.

*Hierdie uitgawe is behartig deur die Assistent-Hoofredakteur Louis Heyneman*

## Staatsdiens bied nou:

# NOUER KONTAK MET PRAKTYK

DR. P.S. Rautenbach, Voorsitter van die Staatsdienskommissie, het op 21 April 1977 'n toespraak by geleentheid van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys se gradeplegtigheid gelewer. In sy toespraak het dr. Rautenbach aangedui dat die Kantoor van die Staatsdienskommissie bereid sal wees om geleenthede te skep waardeur dosente nouer kontak met die praktyk sal kan maak. Sodoende sal goeie skakeling tussen die dosente en die werkgewers bewerkstllig word. Terselfdertyd word beoog om te bepaal watter behoefte daar by dosente bestaan om op hoogte te kom met die paraatheidspeil wat werkgewers van afgestudeerdes verwag en watter behoefte daar by werkgewers bestaan met betrekking tot die nuwere akademiese ontwikkelings in die onderskeie vakgebiede.

'n Goeie reaksie in dié verband is van universiteite en kolleges vir gevorderde tegniese onderwys ontvang. As eerste stap is 'n "skakeltoer" vir dosente in die ekonomiese wetenskappe van 3 tot 7 Julie 1978 te Pretoria gereël. Die "skakeltoer" bestaan uit besoeke aan die volgende instellings:

### BESOEKE

- Die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer van die Eerste Minister
- Die S.A. Reserwebank
- Departement van Finansiës/die Tesourie
- Departement van Handel
- Departement van Nywerheidswese
- Departement van Binnelandse Inkomste
- Departement van Doeane en Aksyns
- Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking.

### HOË VLAK

Gedagtewisselings betreffende ekonomiese/finansiële verwikkelinge sal tydens die "toer" op hoë vlak geskied. Ongeveer veertig dosente van verskeie universiteite en kolleges vir gevorderde tegniese onderwys sal die "toer" meemaak.

KENNISGEWING:

*KIMORDIA DIAMANTE*

Tydelike sluiting van kantore weens uitbreiding.

MAAR:

Ons dienste nie.

KONTAK:

Bas Peters
Stellenbraak W/S 10
Birdstraat
TEL. 72154

OF

Bennie Streuders
Stillewaters 14
Strandweg
Stellenbosch.

## Redaksie vergadering

Die redaksie van *Die Matie* word herinner aan die Redaksievergadering vanaand om 7.00 nm. in kamer 20, H.F. Verwoerdgebou.

## "Die Matie" Vakante Poste

AANSOEKE, vergesel van relevante ondervinding, word ingewag vir die volgende poste in die redaksie van *Die Matie:*

- Hoofredakteur
- Assistent-Hoofredakteur
- Tipografiese redakteur
- Nuusredakteur
- Interuniversitêre redakteur
- Sportredakteur
- Sosiale redakteur
- Kunsredakteur
- Advertensiebestuurder
- Hooffotograaf
- Hoofverspreider
- Taalredakteur
- Sub-redakteurs en verslaggewers in die nuus-, interuniversitêre-, sport-, sosiale- en kunsredaksies asook fotograwe, verspreiders en spotprenttekenaars.

Aansoeke moet voor 30 Augustus om 12.00 nm. gerig word aan:
Die Hoofredakteur
Die Matie
Langenhovensentrum, Stellenbosch.

'LERT om maklik te studeer

Eksamensukses is maklik met sistematiese studietye. Kort, helder „inneemtye" is die geheim–nie ure van moeisame sloofwerk nie. Begin vroeg in die aand studeer en moet nooit met wilskrag teen lomerigheid veg nie. Dit lei net tot ooreising. As u vaak word, neem 'Lert-wakkerblytablette. 'Lert hou die verstand skerp, helder, ontvanklik en wakker. 'Lert is beter as koffie, want dit is gekonsentreerd en is dubbel-werkend 'Lert word gebruik deur studente, nagwerkers soos verpleegsters of mynwerkers, en deur motoriste. By alle apteke verkrygbaar sonder voorskrif.

Elke tablet bevat Caff. Cit. 90 mg., Caff. Alk. 90 mg.




You'll find all your Stationery requirements at cna

STOCKISTS OF Rotring, Faber-Castell, Staedtler

51 PLEIN STREET PHONE: 70281